higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 4

(11020274)

8 November 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Onderhoude met klante word gevoer om spesifieke vrae oor die indruk wat die maatskappy op die klante maak, te vra.

1.2 Standaardboddokumente vir tenders word deur die Nasionale Tesourie uitgereik.

1.3 'n Banklening is 'n uitgawe.

1.4 Uit die klant se oogpunt word logistiekbestuur hoofsaaklik ten opsigte van die vier R'e omskryf.

1.5 Petronet bedryf die pyplynnetwerk in Suid-Afrika.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

integrasie; korrupsie; waarheid; lugvaart; netto wins

2.1 'n Inkomste-en-uitgawestaat toon 'n besigheid se … aan.

2.2 Interaksie met 'n klant wat 'n blywende indruk kan laat, staan as die oomblik van … bekend.

2.3 Die gebrek aan … tussen belanghebbers lei tot tyd- en kosteverskille in die vraglogistiek-omgewing.

2.4 … beleide word in plaaslike en internasionale beleide verdeel.

2.5 Een van die grootste uitdagings van die openbare tenderstelsel is …

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies 'n woord(e) uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	'n Aanbod om teen 'n vaste prys werk te doen of goedere te verskaf	A	uitwaartse logistiek
3.2	Fisiese verspreiding van afgewerkte goedere aan klante	B	nodus
3.3	'n Groep gelyksoortige besighede in 'n bepaalde gebied	C	kluster
3.4	Hulle ontwikkel en onderhou kommersiële lughawe-infrastruktuur in Suid-Afrika	D	tender
3.5	'n Punt wat verskillende vervoermetodes verbind	E	inkomende logistiek
		F	LMSA (ACSA)

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 SEB staan vir …

A Swart Egaliteitsbestuur.
B Swart Ekonomiese Bestuur.
C Swart Ekonomiese Bemagtiging.
D Swart Egaliteitsbemagtiging.

4.2 Dit is nie 'n belangrike brandstofmaatskappy nie:

A BHP Billiton
B BP
C Total
D Sasol

4.3 Dit is die verkose vervoermetode om entstof van Johannesburg na Kaapstad te vervoer:

A Pyplyn
B Spoor
C See
D Lug

4.4 Borgskappe is voorbeelde van vaste …

A bergingskoste.
B diensvlakkoste.
C verwerkingskoste van bestellings.
D verkrygingskoste.

4.5 Die hantering van materiaal sluit nie hierdie aktiwiteit in nie:

A Inspeksie
B Klassering en binding
C Vervoer
D Uitsoeking

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 5

'n Volhoubare en goed gereguleerde vervoerstelsel:

- Maak dit moontlik dat mense se basiese en ontwikkelingsbehoeftes veilig en konsekwent bevredig word.
- Verseker dat vervoer bekostigbaar is, regverdig en doeltreffend bedryf word, 'n keuse van vervoermetodes bied en 'n mededingende ekonomie ondersteun,
- terwyl vrystellings en afval beperk word.

Dit is sommige van die doelstellings wat bereik kan word.

(*Monnet & Le Net 2001*)

5.1 Verduidelik die volgende wetgewing wat die vervoerbedryf tans in Suid-Afrika beïnvloed.

5.1.1 Nasionale Wet op Vervoer oor Land (Wet No. 5 van 2009)

5.1.2 Wet op Seeverkeer (Wet No. 2 van 1981)

5.1.3 Wet op Burgerlike Lugvaart (Wet No. 13 van 2009)

(3 × 2) (6)

5.2 Noem VIER belangrike beleidsdokumente wat die vervoerbedryf in Suid-Afrika op die oomblik beïnvloed. (4 × 1) (4)

5.3 Die vervoerbedryf moet aan die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid voldoen.

5.3.1 Wat is, volgens dié wet, die TWEE verantwoordelikhede wat werkgewers en werknemers deel? (2 × 2) (4)

5.3.2 Beskryf DRIE aktiwiteite wat in veiligheidsbestuur ingesluit moet word. (3 × 2) (6)

5.4 Noem DRIE doelwitte van die regering se verkrygingsproses. (3 × 2) (6)

Ten opsigte van investering en verbruik is verkryging ('procurement') in die openbare sektor 'n belangrike aspek van enige land se makro-ekonomie. Dit is in Suid-Afrika ook die geval waar verkryging in die openbare sektor as instrument gebruik kan word om ekonomiese ideale, insluitend sekere sosio-ekonomiese doelwitte, te bereik.

Regerings en groot instansies gebruik die tenderproses om tenders vir groot projekte te lok. Die meeste instellings beskik oor 'n goed omskryfde tenderproses, asook prosesse om die opening, evaluering en finale seleksie van ondernemers te beheer. Dit verseker dat die seleksieproses regverdig en deursigtig is.

[Aangepas uit: *Freight logistics level 4 learners guide 2014*]

5.5 5.5.1 Beveel ten minste VYF belangrike aspekte aan wat by die samestelling van 'n tender oorweeg moet word. (5 × 2) (10)

5.5.2 Noem die TWEE-puntgrondslag wat gebruik word wanneer 'n tender ten opsigte van Wet op die Raamwerk vir Voorkeur-verkrygingsbeleid toegeken word. (2 × 2) (4)

5.6 Bespreek TWEE bedryfsuitdagings wat die Suid-Afrikaanse Spoorvragbedryf in die gesig staar. (2 × 2) (4)

[44]

VRAAG 6

6.1 Verduidelik VIER voordele van koöperatiewe bestuur in 'n geïntegreerde voorsieningskanaal. (4 × 2) (8)

6.2 Herrangskik die volgende belanghebbers om die korrekte volgorde in die voorsieningskanaal uit te beeld. (4 × 1) (4)

verbruiker; groothandelaar; vervaardiger; kleinhandelaar.

6.3 Verduidelik die TWEE benaderings wat die gebruik van geïntegreerde logistiekbestuur versterk.

6.3.1 TGB (Totale gehaltebestuur)

6.3.2 WKO (Waardekettingontleding)

(2 × 2) (4)

6.4 Noem VIER voorbeelde van vervoerkoste. (4 × 1) (4)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

7.1 Noem VYF eksterne faktore wat 'n onderneming se winsgewendheid beïnvloed. (5)

7.2 Bespreek DRIE maniere om winste te verhoog. (3 × 2) (6)

7.3 Noem DRIE funksies wat in 'n vervoermaatskappy uitgekontrakteer kan word. (3)

7.4 Verduidelik DRIE voordele van uitkontraktering. (3 × 2) (6)

[20]

VRAAG 8

8.1 Noem enige VIER Suid-Afrikaanse kommersiële maritieme binnekoms-hawens. (4)

8.2 Dui aan of die volgende kommoditeite in Suid-Afrika ingevoer of uitgevoer word.

8.2.1 Brandstof

8.2.2 Goud

8.2.3 Chroom

8.2.4 Elektronika

(4 × 1) (4)

8.3 Beskryf die volgende bestuursplanne kortliks:

8.3.1 Strategiese bestuursplan

8.3.2 Taktiese bestuursplan

8.3.3 Operasionele bestuursplan

(3 × 2) (6)

8.4 Noem VYF sleutelprosesse/-funksies wat in die meeste verspreidings-maatskappye uitgevoer word. (5 × 1) (5)

8.5 Bespreek VIER redes waarom vraglogistiekmaatskappye opspoorstelsels in hul voertuie installeer. (4 × 2) (8)

8.6 Teken die tipiese klantedienshiërargie. (5)

8.7 Verduidelik VIER faktore wat die prys van ingevoerde goedere beïnvloed. (4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

8.8 Verduidelik die volgende beginsels van Batho Pele:

8.8.1 Oorlegpleging

8.8.2 Openheid en deursigtigheid

8.8.3 Waarde vir geld

(3 × 2) (6)
[46]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

NCV

Kopiereg voorbehou